
PROSPEKTUS/PROSPECTUS

# DIE PATRIAE

## Bethlehem Voortrekker Hoërskool/High School



**KOM KLEUR JOU TOEKOMS IN!**

**COME COLOUR YOUR FUTURE!**


NON SIBI SED PATRIAE
NIE VIR MYSELF NIE, MAAR VIR MY VADERLAND

# INHOUDSOPGAWE

## INDEX




UIT DIE HOOF SE PEN 2

KOSHUISBRAKKE 4

ACADEMICS 6

SO TREK ONS AAN 8

KULTUUR 10

RUGBY 12

HOCKEY 14

ATLETIEK 16

NETBAL 18

TENNIS 20

KRIEKET 22

GOLF 24

SWEM 26

MOUNTAIN BIKING 28

SKOOLLIED 30

WAR CRY 31

LAASTE SÊ 32




# UIT DIE HOOF SE PEN

"People become really quite remarkable when they start thinking that they can do things. When they believe in themselves they have the first secret of success."
Norman Vincent Peale

2024 was 'n jaar waarin akademiese uitnemendheid hand aan hand geloop het met alle werksaamhede van Voortrekker.

Ons was weereens die top atletiekskool in die Vrystaat, algehele wenners van die Wesgrow Sentrale Skole Sportreeks, asook verskeie topprestasies in al die ligas en kompetisies waarin ons deelgeneem het. Voortrekker lewer verskeie Protea sportmanne en sportvroue op in verskeie sportkodes, asook 'n S.A. Skole rugbyspeler. Die top matrikulant in die Vrystaat na die afgelope matriekuitslae. Ons is baie trots op al hierdie prestasies en is dankbaar vir die groot genade wat ons elke dag so onverdiend ontvang. Ons sien met verwagting uit na wat 2025 vir ons gaan inhou.

The one thing that is dearest to my heart, is the fact that our staff, learners and parents are believers in the word of Norman Vincent Peale. They think that we can achieve greater heights, they believe that we can do it together and have so created the many success stories.

Steve Jobs het gesê: "If you are working on something that you really care about, you don't have to be pushed. The vision pulls you."

Kom word deel van hierdie skool in 2026 waarin kampioene gekweek word op alle terreine!

**Non Sibi Sed Patriae!**

Gys Coetzee
SKOOLHOOF

# KOSHUISBRAKKE!

Home away from home







'n Tuiste waar waardes vasgelê word, vriendskappe gesmee word en waar drome vlerke kry!

# BETHLEHEM VOORTREKKER HOËRSKOOL


## KOSHUIS

IN OUR HOSTEL, YOU MAY ARRIVE ALONE,
but you'll leave with a backpack full of memories and friends for life!
**–Elouise Snyman (Klas van 2024)**

**Ons koshuis – 'n ware huis weg van die huis.**
Kinders kom van so ver as vanaf Natal om hier Bethlehem se water te drink.

Gangkompetisies, herinneringe, busdienste en WiFi maak van ons koshuis 'n unieke ervaring.


Ons groet ons KLIP, ons sing ons lied,
ons sê dankie vir vyfsteretes.
En nooit is ons eensaam in hierdie
huis weg van die huis nie.



# ACADEMICS AT BVHS

**DIE ENIGSTE FOKUSSKOOL VIR GASVRYHEIDSTUDIES**

IN DIE VRYSTAAT, GEÏDENTIFISEER EN ONDERSTEUN DEUR DIE DEPARTEMENT VAN BASIESE ONDERWYS






COME COLOUR YOUR FUTURE!

# MATRIEKUITSLAE 2024

**160 Onderskeidings**

**UNIVERSITEITSTOELATING**

**94,6%** GRAAD- EN DIPLOMATOELATING

**148 Matrikulante**

**98% Slaagsyfer**

## VRYSTAAT TOP MATRIKULANT



Ek is oneindig dankbaar teenoor Voortrekker vir die geleenthede wat die skool vir my gebied het, en vir die kultuur van harde werk wat die skool in my gevestig het.

Dankie aan elke onderwyser, afrigter, spanmaat en vriend wat saam met my gewerk het.

Voortrekker het my bemagtig om te glo dat uitnemendheid iets is wat deur elkeen van ons bereik kan word.

**Non Sibi Sed Patriae!**

*Susan Bender*




## 7 onderskeidings met gemiddeld van 96%

**Verpligte Vakke (Vier vakke)** Compulsary Subjects (Four subjects)

**VOO – Vakkeuses (Vanaf Gr. 10 - 12)** FET - Subject choices (From Gr. 10 - 12)

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1: Kies Een | Afrikaans Huistaal | Afrikaans Eerste Addisionele Taal | | | | |
| 2: Choose One | English Home Language | English First Additional Language | | | | |
| 3: Kies Een<br>3: Choose One | Wiskunde<br>Mathematics | Wiskundige Geletterdheid<br>Mathematical Literacy | Wiskunde Tegnies<br>Technical Mathematics | | | |
| 4: Verpligtend<br>4: Compulsory | Lewensoriëntering<br>Life Orientation | | | | | |
| 5: Kies Een<br>5: Choose One | Fisiese Wetenskappe<br>Physical Sciences | Rekenaartoepassings-tegnologie<br>Computer Applications | Tegniese Wetenskap<br>Technical Science | Toerisme<br>Tourism | | |
| 6: Kies Een<br>6: Choose One | Lewenswetenskappe<br>Life Sciences | Besigheidstudies<br>Business Studies | Meganiese Tegnologie<br>Mechanical Technology | Siviele Tegnologie<br>Civil Technology | | |
| 7: Kies Een<br>7: Choose One | Aardrykskunde<br>Geography | Ingenieursgrafika en –ontwerp<br>Engineering Graphics and Design | Rekeningkunde<br>Accounting | Gasvryheidstudies<br>Hospitality Studies | | |
| 8ste Vak (opsioneel)<br>8th Subject (optional)<br>National Curriculum | Dramatiese Kunste<br>Dramatic Arts | Dans<br>Dance | Visuele Kuns<br>Visual Arts | Musiek<br>Music | RTT<br>CAT | Duits<br>German |

**GET: Vanaf graad 8 en 9 word die Nasionale Kurrikulum gevolg met klem op die vakke wat vanaf gr 10 ingefaseer word, bv. Rekeningkunde en Ingenieursgrafika. The National Curriculum is followed from grade 8 and 9, eg. Accounting and Engineering Graphics.**
**Gr 8 & 9: Kies tussen Landboustudies of Gasvryheidstudies en ook tussen Meganiese Tegnologie of Siviele Tegnologie.**
**Gr 8 & 9: Choose between Agricultural Studies or Hospitality Studies and also between Mechanical Technology or Civil Technology.**



# SO TREK TREKKERS NOG ALTYD AAN!

## A SUCCESSFUL TEAM BEATS WITH ONE HEART

## SKOOLDRAG




## SPORTSWEAR





*Ons het gees sonder vrees!*




# OP DIE VERHOOG

woeker super sensasionele sterre-in-wording
met agt soorte kultuursake:

**DEBAT, REDENAARS,**
AVONTUURKLUB, MUSIEK
**DRAMA, ORKES, SANG EN KUNS**

## BVHS UTILISED EVERY POSSIBLE OPPORTUNITY

to develop and showcase our learners' talents

*Always Art!*






Met elke tree op daardie rugbyveld van Graad 8 tot nou in matriek, het ek nie net my droom agterna gesit nie, maar ook 'n lewensreis aangepak wat groter is as enige verwagtinge. In BVHS het ek nie net op die veld gespeel nie, maar binne my eie innerlike diep ervarings opgedoen wat my gevorm het. Ek het besef: hierdie reis is meer as net rugby – dit is 'n ontdekking van my eie kern en die onverwagte avonture van hoërskool.



# RUGBY IS 'n KULTUUR

## VAN SY EIE BY BETHLEHEM VOORTREKKER HOËRSKOOL

**DIRKIE IS ONS EERSTESPAN SE GELUKBRINGER**
en sy verjaardag word jaarliks gevier.
Hierdie meneer is, glo dit of nie, reeds 74 jaar oud.

## Die swarttruitradisie... 'n wens vir menige jong seun.

Dit word ook nou al vir langer as 'n halwe eeu gedra.
Wat maak dit spesiaal om die swart trui te dra?
**Trots. Trekkertrots.**

Bethlehem Voortrekker is een van die beste rugbyskole in die Griffonsliga en Wesgrow-reeks, en neem ook hierdie jaar deel aan die Wildeklawer-rugbytoernooi. Puik afrigting en kondisionering is die wenresep vir ons sukses.



# FROM THE HEARTS OF OUR PLAYERS

# ASTRO-TURF HOCKEY

## ACTION GUARANTEED!

Dit voel soos tuis kom na 'n lang reis, 'n plek waar ek myself vind en my drome oortref. Vanaf gr. 8 tot nou, elke tree op hierdie astro, het my innerlike self versterk en my drome groter gemaak as die astro self. **– Jennifer Wessels (Klas van 2024)**

Die lewensreis op die astro is meer as net hokkie, dit is 'n reis van selfontdekking en groei, iets wat my vorentoe dryf in elke aspek van my lewe. Op hierdie astro het ek nie net 'n speler nie, maar 'n leier geword - 'n ervaring wat my lewe verander het. BVHS se astro is nie net 'n veld nie; dit is 'n geleentheid vir my om my unieke storie te deel en my grense te verken, elke dag 'n nuwe bladsy in my lewensboek.
**– Jani Faber (Klas van 2024)**

**Sport bou ruggraat en integriteit. My volle menswees in totaliteit het ontwikkel. Want wen is alles, maar verloor is die leerskool!**
**– Carli Oosthuizen (Klas van 2024)**

Die tradisies van saamstaan, ons harte uit te speel, was die eerste gedagtes wat by my opgekom het toe ek vir die heel eerste keer op die astro uitgedraf het. Dis wat vir ewig by my sal bly! Die Trekkertrots word gekweek deur al ons hoendervleisoomblikke, deur die goed en die sleg! Jy's deel van iets soveel groter as jouself. " Non sibi sed patriae - nie vir myself nie maar vir my vaderland " is regtig die kern van ons span, maar in ons geval, speel ons vir mekaar en vir die skool. "THE GAME IS BEAUTIFUL. THE GAME BELONGS TO THE PEOPLE. WE ARE ALL HERE TO SERVE THIS GAME." - Rassie Erasmus
**– Lana Wessels**



# WORDS FROM THE HEART

**G'n wonder ons skool spog met die meeste Vrystaat-atlete wat reik na die groen en goud nie.** Aflosspanne wat rekords verpletter op Graanveld asook op die Oos-Vrystaat atletiekbyeenkoms.

# ATHLETICS

## FILLS ME WITH A PRIDE THAT WORDS CAN'T CAPTURE

**Pride soars with every victory, every defeat overcome, in the world of athletics." In the arena of athletics, I find my pride is the silent roar of every dedicated Trekker-supporter.**

Met elke oomblik op die atletiekbaan in Voortrekker, het ek nie net my droom nagejaag nie, maar 'n lewensreis betree wat van Graad 8 tot nou in matriek 'n absolute ongelooflike verhaal van groei en innerlike ontdekking is.

Hier by Voortrekker het ek nie bloot as 'n atleet deelgeneem nie, maar my eie grense verken en innerlike ervarings omhels wat my droom oortref. **-F. Fourie (Klas van 2024)**





**KOM ONTDEK DIE**
**OPWINDENDE WÊRELD VAN NETBAL**
by Bethlehem Voortrekker Hoërskool! Met 'n trotse tradisie van uitnemendheid en 'n onwrikbare toewyding aan sukses, is ons netbalprogram 'n ware viering van samewerking, vasberadenheid en vreugde.

# NETBALL

## FROM THE HEARTS OF OUR PLAYERS

### STEPPING ONTO THE COURT FOR THE FIRST TIME

with Voortrekkers' first netball team filled me with pride and determination. Representing my school carried great responsibility, and I was ready to give my all. Focused and immersed in the game, every move I made was in service of our shared goal of victory. It was a memory I'll never forget, and it motivated me to show dedication and passion in every game. This experience taught me so much, not just as a netball player but as an individual.

**-Chloë Opperman**

## Vlugvoetigheid en balans op die netbalbaan en 'n oog wat kan korrel vir 'n doel.

**At Bethlehem Voortrekker High School,**
netball isn't just a game—it's a passion that ignites the spirit of every player and fan alike. With exhilarating matches that electrify the court, **our Netball embodies the true essence of teamwork, determination, and sheer love for the sport.**



**Sportmanship and fighting spirit.** Nothing is too big nor too difficult!
We always land on our feet.

# TENNIS

## UIT DIE MOND VAN ONS SPELERS

### LIFE'S LIKE TENNIS

Serve with passion, play with heart,
and remember, every swing's a chance to win.
– **Chloë Opperman**

TENNIS, WITH ITS GRACEFUL PRECISION AND STRATEGIC BATTLES,
CAPTIVATED MY HEART.
Its relentless challenges honed my discipline, instilled resilience,
and forged lifelong friendships, transforming my life with passion,
GROWTH AND PURPOSE.

Elke keer as ek op die baan staan, voel ek 'n diepe verbintenis met die spel en die gemeenskap daaromheen. Dit het my nie net gehelp om my liggaamlike vaardighede te ontwikkel nie, maar ook my gees en karakter. Tennis het my geleer om te volhard, om te fokus en om te werk vir my doelwitte.

Dit het my ook 'n gevoel van gemeenskap gegee, as deel van 'n wye netwerk van mede-tennisliefhebbers regoor die wêreld.
Of ek nou speel of kyk, tennis is vir my 'n bron van vreugde, inspirasie en groei en ek is ewig dankbaar vir die impak wat dit op my lewe het.
– **Michiel Heyns**




THE REAL BEAUTY OF CRICKET
lies in the battles we fight on the field, the friendships
we make off the field, and the memories we create together."
**-Zaheer Khan**

# KRIEKET
## BY BETHLEHEM VOORTREKKER

## UIT DIE MOND VAN ONS AFRIGTER

**Om hierdie 1ste krieketspan te verteenwoordig as 'n speler** gedurende my skoolloopbaan, en jare later as 'n afrigter, is 'n spesiale voorreg. As 'n graad 8-seun het ek ure langs die krieketveld gesit en kyk hoe die 1ste-span speel en daaroor gedroom.

Nou is ek die afrigter van daardie span – niks het verander nie. Die passie vir hierdie span en hierdie skool brand nog steeds so sterk – al is dit 20 jaar later. My hart loop oor van trots...krieketttrots...

TREKKERTROTS!"

**-Jakkals Scheepers**
(speler 2000 – 2003 & afrigter sedert 2015)



# GOLF

## AT BETHLEHEM VOORTREKKER

**AT BETHLEHEM VOORTREKKER HIGH SCHOOL** we organise annual trips where our golfers can play on the best golf courses our beautiful country has to offer.



WATERKAMPIOENE

# SWIMMING

AT BETHLEHEM VOORTREKKER

**Swem by Voortrekker is...** pret; swem is ... ernstig; swem is ... deursettingsvermoë. Ons duik, skop, slaan die water en rol groot swemmers om met ons prestasies. Van die Interhoër tot die Suid-Afrikaanse Nasionale Oopwaterkampioenskappe – **Ons is daar!**



# MOUNTAIN BIKING

## AT BETHLEHEM VOORTREKKER


Voortrekker Fietsry het in 2024 van krag tot krag gegaan. Ons getalle begin weer toeneem en ons hoop om in 2025 nog fietsryers by te voeg, veral meisies.

Enrico Kennedy, Christiaan de Wet en Hendre Bester neem deel in die Junior Mansafdeling. MW Pretorius neem deel in die Jeug Mansafdeling en Divan van Eeden neem deel in die Sub-Junior Mansafdeling.

Ons het aan verskeie wedrenne deelgeneem en goeie resultate verkry. Enrico Kennedy is weereens verkies tot die Vrystaatspan wat in September in Brits aan die interprovinsiale skolebyeenkoms deelgeneem het. Enrico het uitstekend gevaar en het ons skool se naam hoog gehou.

Enrico Kennedy word tydens ons skool se prysuitdeling vereer met die trofee vir Beste Fietsryer en Christiaan de Wet ontvang die Beste Vordering trofee.

Ons sien uit na die 2025 seisoen! Laat die speke sing!




# SKOOLLIED

Omring van wydste koringvelde
Waar nog die Trekkerspore staan,
Sal ons sy daad en deug vermelde
Solank ons nuwe weë baan,
Roep uit bo somer groene velde
Roep uit met fier gespanne stem:
Ons roem die veels te min vermelde,
Ons roem die skool, die skool
van Bethlehem.

Krag van hart en krag van gees,
Ons wil trou en suiwer wees:
Vreugde uit die hart gedra,
Krag van jong Suid-Afrika,
Krag tot dade, krag herbore
Tot die hoogste uitverkore.



**KREET**
Thiba Tswara
Thiba **Tswara**
**Re a tshwara thomba zana**
**Re a tshwara thomba zana**
Vat die bal, sit hom neer
Speel vir julle skool se eer
**Wie is ons**
**Wie is ons,**
**VOORTREKKER!!!**

# BVHS

Love Bethlehem
Voortrekker High School



# LAASTE SÊ

**OMRING VAN WYDSTE KORINGVELDE, WAAR NOG DIE TREKKERSPORE STAAN**
– die openingsreël van Bethlehem Voortrekker Hoërskool se skoollied, waar ek my hoërskoolloopbaan in 1992 begin het.

Die skool in die hartjie van die Oos- Vrystaat wat vandag steeds roem op sy ryke tradisies en geskiedenis wat byna 122 jaar ver strek. Wanneer ek as oud-leerling terugkyk na my vyf opwindende hoërskooljare , besef ek watter groot rol die skool gespeel het in my opvoeding en onderrig wat my voorberei het vir die grootmenswêreld.

Tereg kan ek sê dat die skool bygedra het tot die ontwikkeling van my totale menswees – 'n skool wat nie net op elke gebied presteer nie, maar wat my en talle leerders die totale pakket gebied het. 'n Uitstekende akademiese standaard, met 'n verskeidenheid vakkeuses, sportmanskap in verskillende sportsoorte en kultuuraktiwiteite.

**Die skool het my geleer dat jou drome waar kan word, om vol selfvertroue ná skool, die wêreld as 'n volwassene aan te pak.**

**Alumni 1996**

BVHS
NON SIBI SED PATRIAE




## MISSION

IMAGINE A SCHOOL
**THAT FORMS CHAMPIONS**
A SCHOOL LIKE **BETHLEHEM VOORTREKKER** WHERE IT IS NOT JUST IMPORTANT TO OBTAIN SUBJECT KNOWLEDGE BUT ALSO TO DEVELOP THE WHOLE CHILD.
**HERE WE PROVIDE A MEANING** TO HIS/HER LIFE AND TO EQUIP THEM WITH **THE NECESSARY SKILLS.**
**IS** BETHLEHEM VOORTREKKER **THE SCHOOL FOR YOU AND YOUR CHILD?**

## MISSIE

VERBEEL JOU 'N SKOOL
**WAT KAMPIOENE KWEEK.**
'N SKOOL SOOS **BETHLEHEM VOORTREKKER** WAAR DIT NIE NET OOR DIE VERKRYGING VAN VAKKENNIS GAAN NIE, MAAR OOK OOR DIE ONTWIKKELING VAN DIE TOTALE KIND.
**HIER GEE ONS BETEKENIS** AAN SY/HAAR LEWE EN DIE VAARDIGHEDE **WAT HY/SY BENODIG.**
**IS** BETHLEHEM VOORTREKKER **DIE SKOOL VIR JOU EN JOU KIND?**




# ‘n KLEURVOLLE TOEKOMS WAG!

## A COLOURFUL FUTURE AWAITS!

3 West St, Bethlehem, 9701
Phone: 058 303 4006
Web: voortrekker.co.za
FB: bvhs1902